# HOOFSTUK 1

## DIE STRYD IN NOORD-TRANSVAAL

Die geskiedenis van die Pietersburgse konsentrasiekamp kan nie bestudeer word sonder om dit teen die agtergrond van die stryd in Noord-Transvaal te plaas nie. Die vrouens en kinders se ontberinge en lyding voor die opening van die konsentrasiekamp en in die kamp self het ten nouste met die oorlogsgebeure saamgehang.

Op 11 Oktober 1899 het die Tweede Anglo-Boereoorlog uitgebreek. Reeds voor die uitbreek van die oorlog het die Regering van die Republiek die noodsaaklikheid om die uitgebreide noordelike en noordwestelike grense teen 'n vyandelike inval te beskerm, besef.[1] Daarom het die Zoutpansbergse Kommando reeds voor die amptelike oorlogsverklaring op 5 Oktober 1899 op Kalkbank saamgetrek.[2] Hier het hulle berig van die uitbreek van die oorlog ontvang en Frederik Albertus Grobler is as assistent-generaal en bevelvoerder van die Noordelike Hooflaer aangestel met kommandant B.J. Vorster tweede in bevel.[3]

---

[1] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, vol. I: Die Boere-Offensief Okt.-Nov. 1899, p.408.

[2] J.H. Breytenbach, Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog.., vol. I, p.133; Northern Review, Souvenir Edition, Sept. 1973; L. Changuion, Pietersburg, die eerste eeu 1886-1986, p.63; E. Broos, Die noordelike hooflaer in die distrikte Zoutpansberg, Waterberg en Rustenburg vanaf die begin van die Tweede Vryheidsoorlog tot die besetting van Pretoria, pp.1-7.

[3] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol. I, pp.147, 153, 408; L. Changuion, Pietersburg..., p.63; S.J. Lee, Krygsverrigtinge in Soutpansberg en Waterberg gedurende die Anglo-Boere-oorlog 1899- 1902, p.1.

Die Noordelike Hooflaer het bestaan uit die kommando's Zoutpansberg en Waterberg en is verder aangevul deur lede van die Staatsartillerie en 'n aantal lede van die ZARPS (republikeinse polisie) onder kommandant S.P. Grobler.[4] Die Noordelike Hooflaer het uit nagenoeg 1600 manne bestaan.[5]

Aan hierdie twee kommando's is die taak opgedra om met die uitbreek van die oorlog die grens na Rhodesië oor te steek, die spoorlyn en telegraafverbindings tot by Bulawayo te vernietig, om alle witmense vanuit Bulawayo terug te bring, alle troepeposte te vernietig en die land deeglik te suiwer van die vyand.[6]

Op 12 Oktober 1899 het die offisiere van die Zoutpansbergse kommando generaal F.A. Grobler se veldtogplan goedgekeur waarvolgens die Soutpansbergers by Rhodesdrif die grens sou oorsteek en suidweswaarts langs die Limpoporivier se noordelike oewer sou aftrek totdat hulle die Waterbergers sou ontmoet. Op 23 Oktober 1899 het Grobler sy veldtogplan aan die offisiere van die Waterbergse kommando voorgelê waarvolgens hulle by die samevloeiing van die Matlabas- en Limpoporiviere die grens moes oorsteek en in 'n noordoostelike rigting langs die Limpopo moes optrek. Spoor- en telegraaflyne na Bulawayo moes ook deur die Waterbergers vernietig word. Onder invloed van hul kommandant, H.S.

---

4 S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., pp.2-3; Northern Review, Souvenir Edition, Sept. 1973; L. Changuion, Pietersburg..., p.63.

5 J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, pp.147, 153; L.S. Amery, The Times history of the War in South Africa, 1899-1902, vol.II, p.124; F. Pretorius, 1899-1902. Die Anglo-Boereoorlog,, p.16; Northern Review, Souvenir Edition, Sept. 1973; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., p.8.

6 J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, p.413; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., p.3.

Lombard, wat deur sy adviseur, J. Boshof, gesteun is, het die Waterbergse kommando egter nie tot by die grens getrek nie. Derhalwe is Lombard en Boshof, op versoek van Grobler, na Pretoria teruggeroep en Jan du Plessis de Beer is as waarnemende kommandant van Waterberg benoem. Laasgenoemde het hom egter met Lombard en Boshof vereenselwig en die Waterbergse kommando het nie die grens oorgesteek en die spoor- en telegraaflyne na Bulawayo vernietig soos aan hulle opgedra nie.[7] Die veldkornetskap Zwagershoek het wel, onder Grobler se leiding, tot aan die Limpopo getrek; op die 15de Oktober 1899 bereik die wyk Marabastad (Zoutpansbergse kommando) onder veldkornet A.Z.A. Briel die grens en eers op die 18de Oktober bereik die hooflaer sy bestemming, naamlik Hendriksdal.[8]

Die Zoutpansbergse kommando het hier op Transvaal se noordelike grens te staan gekom teen 'n Britse troepemag van nagenoeg 2,500 man onder bevel van luitenant-kolonel H.C.O. Plumer wat opdrag van kolonel R.S.S. Baden-Powell ontvang het om die grens te verdedig; om met 'n magsvertoning die Boere te dwing om 'n baie sterk mag in die Noorde te plaas en om deur afleidingsaanvalle in Noord- Transvaal die Britse hoofmag se taak van die verowering van die Republiek vanuit die suide te ondersteun.[9]

---

7 J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, pp.415-418; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., pp.18-20.

8 J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, p.418; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., p.4; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., p.11.

9 F.M. Maurice, Official history of the War in South Africa, 1899-1902, vol.III, p.187; L.S. Amery, The Times history..., vol.IV, pp.199, 201; J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, pp.419-420; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., p.13.

Foutiewe of valse berigte oor die Engelse se getalsterkte het die krygsraad laat besluit dat die kommando voorlopig net die grens moes verdedig en die burgers van kommandant Botha is by Middeldrif en dié van veldkornet Venter by Mazebesdrif geplaas vir patrolliediens langs die rivier. Die res van die kommando het by Hendriksdal in die omgewing van Rhodesdrif gebly.[10]

Die eerste botsing vind op die 20ste Oktober 1899 tussen 'n Engelse patrollie en manskappe van veldkornet Briel plaas.[11] Op die 21ste Oktober 1899 volg nog 'n skermutseling tussen 'n burgerwagpos en 'n Engelse patrollie en op die 23ste steek Briel met 'n perdekommando die rivier oor om die vyandelike stellings aan te val. Aan Engelse kant sneuwel onder andere kaptein L.D. Blackburn asook vyf manskappe. Aan Boerekant is David Potgieter en ene Cloete gewond.[12]

Na berigte dat die Boere in groot getalle opruk, het Plumer sy eskadronne te Rhodesdrif gedurende die nag van die 22ste Oktober 1899 na Tuli laat terugtrek sodat hulle nie van die basis afgesny moes word nie.[13] Die gevange Engelse troepe het waarnemende generaal H.C.J. van Rensburg

[10] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, p.420.

[11] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, pp.420-421.

[12] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol. I, p. 421; L.S. Amery, The Times history..., vol. IV, pp. 202-203; F.M. Maurice, Official history of the War..., vol. III, p. 190. (volgens Maurice sou die geveg tussen Briel se manskappe en die Engelse op die 22ste Oktober plaasgevind het.); P.H.S. van Zyl, Die Helde-album. Verhaal en foto's van aanvoerders en helde uit ons vryheidstryd , p. 49; W. van Everdingen, De oorlog in Zuid-Afrika. Eerste tijdvak: van 11 October 1899-Maart 1900, p.42.

[13] F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.III, p.190; J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, p.422.

meegedeel dat Plumer versterkings, onder andere 'n battery kanonne, verwag en sodoende agtervolg die Boere nie die Engelse nie, maar bly voor Rhodesdrif terwyl Van Rensburg by die Regering op artillerie aandring.[14]

Op die 24ste Oktober 1899 het Plumer, nadat hy herhaaldelike waarskuwings ontvang het dat Palapye bedreig word, 'n eskadron onder kaptein McLaren na Maklutsidorp gestuur. Terselfdertyd het Plumer ook berigte ontvang dat die Boere tog nie besig was om op te ruk nie, maar dat hulle inteendeel besig was om na Pietersburg terug te trek. Dadelik het hy 'n eskadron onder luitenant-kolonel J.A. Spreckley na Rhodesdrif en 'n eskadron onder majoor W.D. Bird na die samevloeiing van die Maklutsi- en Limpoporiviere gestuur.[15]

Op die 26ste Oktober 1899 volg 'n verdere botsing tussen die Boere en Engelse. Veldkornette Briel en Alberts het hulle laers wat gedeeltelik na die Rhodesiese kant verplaas was, laat terugkeer na die Transvaalse kant en slegs wagte aan die Rhodesiese kant gelaat. Op die 29ste Oktober 1899 het die Engelse onder kolonel White en kaptein Glynn probeer om die Boerewagte te verdryf, maar sonder sukses.[16]

Op 31 Oktober en 1 November 1899 daag een veldstuk en twee kanonne by Van Rensburg op en nadat hy die telefoonverbinding tussen Tuli en

---

[14] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog...*, vol.I, p.422.

[15] F.M. Maurice, *Official history of the War...*, vol.III, p.190; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog...*, vol.I, p.422; L.S. Amery, *The Times history...*, vol.IV, p.203.

[16] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog...*, vol.I, pp.422-423.

die Britse troepeposte aan die Limpopo verbreek het, steek hy met al sy perderuiters en kanonne die grens by Rhodesdrif oor om die vyandelike troepeposte te gaan aanval en uitwis. 'n Aantal burgers onder Briel en Alberts het die Engelse troepe by Bryce se winkel aangeval; die res van die burgers het onder leiding van Van Rensburg, wat bygestaan is deur die Polisiekommandant S.P. Grobler en veldkornet Kelly, Spreckley se eskadron aangeval. Die artillerie het onder bevel van kaptein Eloff en Freiherr Von Dalwig gestaan.[17]

Van Rensburg het egter nie die sukses en die oorwinning wat die Boere behaal het, probeer opvolg deur van die vlugtende troepe te agtervolg, hulle terugtog na Tuli af te sny of selfs teen Tuli op te ruk nie. Hy het wel aan die Regering berig dat hy van plan was om na Tuli op te ruk, maar dit het net by voornemens gebly.[18]

"Mismanagement, timidity, and divided counsels reigned supreme in the Zoutpansberg laager".[19] Kaptein Eloff sein aan die Staatspresident dat daar wanbestuur in die laer was en op 7 November 1899 het landdros Heystek van Pietersburg en Onderkrygskommissaris Van Soelen van die Zoutpansbergse laer aan die staatsekretaris en kommandant-generaal

---

[17] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, pp.423-425; F.M. Maurice Official history of the War..., vol.III, pp.191-192; L.S. Amery, The Times history..., vol.IV, p.203; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., pp.17, 22, 23.

[18] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, pp.425-426; F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.III, p.192; L.S. Amery, The Times history..., vol.IV, p.203; D. Möller-Malan, "In oorlog gewikkel met Engeland", in Historia, jg. 3, band 3, 1958, p.257.

[19] F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.III, p.192; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., p.24.

onderskeidelik gesein dat wanorde en wanbestuur aan die orde van die dag was in die Zoutpansbergse laer.[20]

Generaal F.A. Grobler het die Zoutpansbergse laer op die 12de November 1899 bereik en na oorlegpleging met die offisiere het hy aan die Regering gesein dat die oorspronklike taak aan hulle (Waterbergers en Zoutpansbergers) opgedra, onuitvoerbaar was. Hy en sy offisiere het ook besluit om die stryd in die Noorde te beëindig deur Tuli aan te val en in te neem en hulle sou ook probeer om vanaf Tuli die spoorlyn te bereik en op te breek en so sou die Engelse se mag in die Noorde gebreek wees.[21]

Intussen het die Regering besef dat die twee Republieke nie vanuit die Noorde bedreig word nie, maar dat die gevaar in die Kaapkolonie en Natal lê waar baie Britse troepe gemonster is. Grobler moes van Tuli afsien en slegs die grens langs die rivier verdedig met drie groepe van 400 man elk wat hy moes plaas by die Soutpan by Zoutpansberg, by die Palala- en die Matlabasrivier.[22] Die hoofman, Khama, het ook gedreig dat, indien die Boere sy gebied ten noorde van die Limpopo inval, hy dit as 'n oorlogsverklaring sou beskou en die Regering wou dit verhoed.[23]

---

[20] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, p.426; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., p.25.

[21] F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.III, pp.192-193; J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, p.427; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., p.27.

[22] F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.III, p.193; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., pp.27- 28.

[23] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, p.428; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., pp.27-28.

Op 16 November 1899 ontvang Grobler instruksies van die Regering om alle offensiewe bedrywighede in die Noorde te staak, sy hele krygsmag na Transvaalse gebied terug te trek en minstens 500 man daarvan na Pretoria te stuur vir diens aan die suidelike front.[24]

Raadslid B.J. Vorster het dadelik by die Regering geprotesteer en op 18 November 1899 het die regering berig dat die saak nou in die hande van Grobler en sy krygsraad gelaat word en hulle moes self besluit of hulle die ekspedisie na Tuli sou onderneem of laat vaar. Grobler het egter aan die Regering getelegrafeer dat hy nou nie meer sy oorspronklike plan kan uitvoer nie aangesien sy burgers alreeds uitmekaar was en sommiges al selfs op Pietersburg.[25]

Teen 27 November 1899 het Plumer self besef dat die Boere se hoofmag teruggeval het. Op 1 Desember 1899 het hy self 'n verkenningstog na Transvaal onderneem en na 'n tweede verkenningstog op die 19de Desember 1899 het hy besluit om 120 man by Tuli te laat, 20 man by Macloutsie en hyself sou sy aandag gee aan belangriker krygsverrigtinge.[26]

Na hierdie halfhartige poging om Rhodesië in te val, het daar in die volgende ses maande min in die Zoutpansberg gebeur en talle burgers het vanweë 'n gebrek aan sterk leiding belangstelling verloor en huis toe

---

[24] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, pp.429-430; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., pp.27-29.

[25] J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.I, pp.432, 436; E. Broos, Die noordelike hooflaer..., p.30.

[26] L.S. Amery, The Times history..., vol.IV, p.203; F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.III, pp.193-194.

gegaan.[27] 'n Aantal Zoutpansbergers het hierna in Natal, die Noord-Kaap en Vrystaat geveg.[28]

Op 5 Junie 1900 is Pretoria deur Lord Roberts verower. Brittanje se hoop dat die oorlog met die inname van die hoofstede beëindig sou word, is nie bewaarheid nie, want 'n nuwe fase van oorlogvoering, naamlik die guerrillastryd, het ingetree. Ook die Oos-Transvaal is deur die Britse magte ingeneem en dit was nog net die verre Noord-Transvaal wat nie onder Britse beheer was nie.[29]

Die Britse leër het wel twee keer pogings aangewend om Pietersburg te bereik, maar dis elke keer laat vaar omdat Pietersburg op daardie stadium skynbaar van minder belang was en die Britse troepe elders benodig is. Eerstens het daar van generaal Carrington se pogings om Pietersburg op 25 Julie 1900 in te neem niks gekom nie. Op 15 Augustus 1900 het 'n gekombineerde mag van Ian Hamilton, Baden-Powell en Paget die Zoutpansberg- en Waterberg-kommando's onder generaal F.A. Grobler vanaf Pienaarsrivier teruggedryf tot by Nylstroom, maar nie verder gegaan om Pietersburg te beset nie.[30]

---

[27] Northern Review, Souvenir Edition, Sept. 1973; L. Changuion, Pietersburg..., p.63.

[28] T. Pakenham, Die Boere-Oorlog, pp.233, 235; J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.II, pp.115, 117, 242-246, 250, 295, 485, 487; J.H. Breytenbach, Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog..., vol.IV, p.13.

[29] R. Kruger, Good-bye Dolly Gray. The story of the Boer War, p.416; E. Belfield, The Boer War, p.113; G.D. Scholtz, Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869- 1914, p.31; F. Byron, The Great Boer War, p.387.

[30] L.S. Amery, The Times history..., vol.IV, p.478; L. Changuion, Pietersburg..., p.65; A. Conan Doyle, The Great Boer War, p.505.

Teen dié tyd het die Boereleiers die waarde van Pietersburg besef en gedurende September 1900 is besluit om Noord-Transvaal onder nuwe beheer te bring om so te probeer verhoed dat dié deel ook deur die Britse magte beset word. Vir dié doel het kommandant-generaal Louis Botha vir Christiaan Frederik Beyers as assistent-kommandant-generaal oor die kommando's van Zoutpansberg en Waterberg aangestel.[31]

Generaal Beyers het dadelik na sy aankoms op Pietersburg begin om die kommando's in Noord-Transvaal te herorganiseer, maar die Waterbergers en veral generaal F.A. Grobler het hom baie teengestaan en sy werk bemoeilik.[32]

Beyers het veral streng opgetree teen burgers wat hulle aan die stryd onttrek het. In September 1900 het hy patrollies uitgestuur om hulle op te kommandeer. Dié burgers se name is terselfdertyd in die Zoutpansberg Wachter gepubliseer en die betrokke persone moes hulle binne 'n week na die publikasie van hul name vir kommandodiens aanmeld.[33]

Beyers het ook met die eerste verraad in die Noorde, wat later nog ontstellende afmetings sou aanneem, te doen gekry. Twee offisiere, Frikkie Grobler en Carl Potgieter, is daarvan beskuldig dat hulle met

---

[31] L. Changuion, Pietersburg..., p.67; G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.31; P.H.S. van Zyl, Die Helde-album..., pp.179, 181; D.S. van Warmelo, Mijn commando en querilla commando-leven, p.120; C.J. Scheepers Strydom, Ruitervuur, dramatiese hoogtepunte van die Boereoorlog, pp.132, 201, 202.

[32] G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., pp.32-36; J.F. Naudé, Vechten en Vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet, pp.162-171; P.H.S. van Zyl, Die Helde-album..., p.181; L. Changuion, Pietersburg..., p.67.

[33] A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", p.33; L. Changuion, Pietersburg..., p.67.

die Britse owerheid in Pretoria onderhandel het oor die oorgawe van Pietersburg.[34]

Behalwe vir die herorganisering van die kommando's en die suiwering van die offisierskorps het Beyers ook probeer om die gees onder die burgers op te bou. Hy het besef dat die lang tydperk van niksdoen die Zoutpansbergse en Waterbergse kommando's gedemoraliseer het en hulle sou slegs weer selfvertroue verkry deur met die vyand handgemeen te raak. Met die oog hierop val hy op 27 September 1900 die Engelse kamp by Pienaarsrivier aan. Alhoewel Beyers se mag te klein was om die Engelse kamp te verower, het hy nogtans sy doel om 'n beter gees onder die burgers te skep, bereik.[35]

Die Boereleiers het intussen op 24 September 1900 besluit om Pietersburg tydelik as basis en hoofkwartier te gebruik ten einde te reorganiseer en oor verdere optrede te besluit. Die oorblywende kommando's is met 'n groot hoeveelheid wapens en ammunisie nou na Pietersburg gestuur. Dit was voorwaar 'n keerpunt in die oorlog. Op 'n betreklik veilige Pietersburg kon die Boeremagte herorganiseer en kon die twee Boereregerings-te-velde ook samesprekings voer.[36] Gedurende die res

---

[34] G.G. Munnik, *Memoirs of senator G.G. Munnik*, pp.175-176; P.H.S. van Zyl, *Die Helde-album ..*, p.181; L. Changuion, *Pietersburg...*, p.67; D. Möller- Malan, "Die donker Soutpansberg", in *Historia*, 1957- 1958.

[35] G.D. Scholtz, "Generaal Christiaan Beyers en die stryd in die Noorde", in J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p.192; G.D. Scholtz, *Generaal Beyers...*, pp.37-38; L. Changuion, *Pietersburg...*, p.67.

[36] L. Changuion, *Pietersburg...*, p.67.

van September en Oktober 1900 het verskeie Boere-aanvoerders en hul manskappe vanaf Oos-Transvaal na Pietersburg getrek.[37]

Soos op Pietersburg beplan, het Beyers saam met generaals De la Rey en Kemp aan die Slag van Nooitgedacht, 13 Desember 1900, in die Magaliesberge deelgeneem en 'n skitterende oorwinning oor die Engelse behaal.[38]

Die Britse militêre owerheid het egter teen hierdie tyd besef dat Pietersburg vir die Boere van groot waarde was - as bron van voorrade maar ook as administratiewe sentrum en hoofkwartier.[39] En dit was dan lord Kitchener wat na Desember 1900 die situasie moes hanteer van "with Boer commandos openly recruiting in country districts, with great tracts of territory where the British had no control, and with parts of northern Transvaal, including Pietersburg, where British troops had not even penetrated."[40]

Die taak is aan luitenant-generaal H.C.O. Plumer opgedra om Pietersburg te gaan beset. Op 26 Maart 1901 het hy met 1300 goed toegeruste berede

---

[37] D.S. van Warmelo, Mijn commando..., p.117; P.H.S. van Zyl, Die Helde-album..., p.199; R. Kruger, Good-bye Dolly Gray..., p.381; Generaal Ben Viljoen, My reminiscences of the Anglo Boer War, pp.145-146; M.E.R. (red.), Oorlogsdagboek van 'n Transvaalse burger te velde 1900-1902, p.74; R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, pp.76-80; Generaal Chris H. Muller, Oorlogsherinneringe, p.89; Generaal J.C.G. Kemp, Vir vryheid en reg, p.349; B. Farwell, The Great Boer War, p.311.

[38] L.S. Amery, The Times history..., vol.V, pp.96- 105; P.H.S. van Zyl, Die Helde-album..., pp.183, 185, 187; R. Kruger, Good-bye Dolly Gray..., p.395; G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., pp.45-49.

[39] L.S. Amery, The Times history..., vol.V, pp.195-199; L. Changuion, Pietersburg..., p.73.

[40] E. Belfield, The Boer War, p.113.

manne, 8 kanonne en 'n pompom Pretoria verlaat. Op 1 April 1901 beset die Engelse Nylstroom en op 5 April word Potgietersrus ingeneem.[41]

Op pad na die Kaapkolonie ontvang Beyers berig van die Engelse opmars. Hy keer terug na die Noorde en vind Chuniespoort in chaos. Die Engelse was in getalle en in toerusting die Boere se meerdere, maar daarby is van Boerekant ook niks gedoen om die Engelse opmars te stuit nie. Kommandant Malan, onder wie se beheer Pietersburg gelaat is, het nie eens die brûe langs die spoorlyn na Nylstroom laat opblaas nie. Beyers kon slegs 'n brug tussen Pietersburg en Potgietersrus laat verniel en hy het die poort in Ysterberg laat beset, maar op 8 April 1901 is Pietersburg deur Plumer beset.[42]

Op 14 April 1901 vertrek Plumer na die Olifantsrivier en die bevel het oorgegaan na luitenant-kolonel H.G.M. Grenfell wat aan die hoof van Kitchener's Fighting Scouts gestaan het en laasgenoemde het weer uit twee regimente bestaan onder luitenant- kolonelle J.W. Colenbrander en A.E. Wilson.[43]

Generaal Beyers het intussen sy kommando in twee verdeel: Die Zoutpansbergers onder kommandant D. de Villiers en 'n Du Toit het

---

[41] L.S. Amery, *The Times history...*, vol.V, pp.201- 202; L. Creswicke, *South Africa and the Transvaal War*, vol.VII, p.43; G.D. Scholtz, *Generaal Beyers...*, pp.60-61.

[42] J.F. Naudé, *Vechten en vluchten...*, pp.228-229; G.D. Scholtz, *Generaal Beyers...*, pp.61-62; L. Creswicke, *South Africa and...*, vol.VII, p.43; L.S. Amery, *The Times history...*, vol.V, pp.202-203; *Northern Review*, Souvenir Edition, Sept. 1973; L. Maré, "Verraad in die kamp", in *Die Huisgenoot*, 19.1.1951.

[43] F.M. Maurice, *Official history of the War...*, vol.IV, p.437; L.S. Amery, *The Times history...*, vol.V, p.329.

Houtboschberg, naby Haenertsburg, beset en die Waterbergers onder kommandant Van Rensburg is na Rhenosterpoort.[44]

Op 26 April 1901 het Grenfell met drie divisies onder Colenbrander, majoor N.A. Thomson en Wilson 'n laer onder Van Rensburg aangeval.[45] Hier het Beyers se burgers vir die eerste keer met 'n kommando swartes te doen gekry, nege-en-dertig burgers is krygsgevange geneem.[46] Kort hierna het Van Rensburg hom met sy hele kommando aan die Engelse oorgegee.[47] In dié tyd het die kommando's begin krimp omdat baie moeg was vir oorlog en hulle òf aan die Engelse gaan oorgee het, òf op hulle plase gaan sit het en daarom besoek Beyers Louis Trichardt en omgewing om manskappe te organiseer.[48]

Die stryd tussen die Britse patrollies en Boerekommando's is nou gekenmerk deur ruheid en wreedhede, gepleeg veral deur die sogenaamde "Australian Bushrangers" en deur die swartmense en G.D. Scholtz sê, "In Noord-Transvaal het die stryd werklik tussen Boer aan die een kant en Brit en Kaffer aan die ander kant gegaan".[49] In hierdie tyd is daar

---

[44] L. Changuion, Pietersburg..., p.75; S.J. Lee, Krygsverrigtinge .., p.10; J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., p.229.

[45] F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.IV, p.438; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., pp.10-11; L. Changuion, Pietersburg..., p.75.

[46] J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., p.229; F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.IV, p.438 (Maurice noem dat 37 krygsgevange geneem is en later nog 4); L.S. Amery, The Times history..., vol.V, p.216n (hy noem 47 krygsgevangenes); L. Creswicke, South Africa and..., vol.VII, p.48 (Creswicke noem ook 31 krygsgevangenes).

[47] G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.76.

[48] G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.75; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., p.10; L. Changuion, Pietersburg..., p.75.

[49] G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., pp.74-75.

gruwelike moorde gepleeg, byvoorbeeld die moord op 'n vyftienjarige seun, ene Jacobs en die geval op die plaas Nyske.[50]

Die Britse magte het op verskeie maniere van die plaaslike swart bevolking gebruik gemaak om die Boere se weerstand te breek. So byvoorbeeld het E. McWilliam, die hoofinligtingsoffisier op Pietersburg, vir hom 'n hele stelsel opgebou van kapteins van die swartstamme wat op 'n gereelde basis aan hom verslag gedoen het oor die Boerekommando's se bewegings in dié gebied. Dit was veral Maletzie, Malabog en Mamabolo wat hom baie behulpsaam was.[51]

Na die inname van Pietersburg het Kitchener ook sy "verskroeide aarde"-beleid in Noord-Transvaal laat toepas. Honderde plase is totaal verwoes en die vrouens en kinders is na die konsentrasiekampe weggevoer om sodoende die Boerekommando's enige bron van voorraad te ontneem. Die Britse magte het ook hier van die swartbevolking gebruik gemaak om die vrouens en kinders na die konsentrasiekampe te bring en van die grootste lyding van die oorlog het hier in Noord-Transvaal voorgekom.[52]

Die Boeremagte in die veld het 'n geweldige stryd gevoer. Die Britse magte het die een Boerepos na die ander verower en garnisoene daar gestasioneer. Die Engelse het die Boere onder kaptein H.S. du Toit, kommandant De Villiers en 'n ene Neethling by Houtboschdorp aangeval.

---

[50] J.F. Naudé, *Vechten en vluchten...*, pp.229-232; S.J. Lee, *Krygsverrigtinge...*, p.12.

[51] L. Changuion, *Pietersburg...*, p.75.

[52] L. Changuion, *Pietersburg...*, p.77; S.J. Lee, *Die Pietersburgse konsentrasiekamp en kampkerkhof. 'n Kort geskiedkundige oorsig*, p.7; J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, pp.46, 54.

Neethling het hom met 'n groep burgers aan die Engelse oorgegee, maar Du Toit en De Villiers het die Engelse goed teengestaan. Toe Du Toit besef dat hulle nie hul kanon sou wegkry nie, het hulle self die laaste "Long Tom" met dinamiet vernietig.[53]

Op die 4de Mei 1901 het majoor Thomson met 100 man 'n laer van kommandant Marais verras en oorrompel. Op die 9de Mei het Grenfell Louis Trichardt beset en 37 Boere gevange geneem. Op die 22ste het Colenbrander 72 Boere gevang in 'n verrassingsaanval op 'n Boerelaer onder veldkornet Venter. Op die 26ste Mei 1901 was die Engelse kolonne terug in Pietersburg en Grenfell het gedurende hierdie maand 265 Boere gedood en gevang, en 1766 Boere het oorgegee.[54] Van die persone wat oorgegee het was byvoorbeeld Jan du Plessis de Beer, lid van die Eerste Volksraad vir Waterberg vanaf 1883 tot 1900, kommandant S.P. Grobler van die Waterbergse kommando en veldkornet A.Z.A. Briel wat toe later leier van die "National Scouts" geword het.[55]

Terwyl die Zoutpansbergse kommando in die Strydpoort- en Houtboschberge skuilgehou het, het generaal Beyers vanaf April tot September 1901 hoofsaaklik in die Waterberg-distrik opgetree.[56]

---

[53] J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., pp.230, 231; F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.IV, p.438; L. Creswicke, South Africa and..., vol.VII, p.48; L.S. Amery, The Times history..., vol.V, p.216n.

[54] F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.IV, pp.438-439; L. Changuion, Pietersburg..., p.79; L. Creswicke, South Africa and..., vol.VII, p.75.

[55] A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", pp.51, 53; J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., p.233.

[56] L. Changuion, Pietersburg..., p.79; G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.75.

Beyers kom vroeg in Mei 1901 by Geelhoutkop ten noorde van Nylstroom aan.[57] Op die 18de Mei is daar 'n botsing tussen Wilson en Beyers se magte en die volgende dag het Wilson met majoor H. McMicking kontak gemaak en hulle het Beyers se burgers teruggedruk na Zandrivierspoort.[58]

Intussen het Grenfell 'n sterk mag opgebou om Beyers mee aan te durf. Hy het met 1300 man en drie kanonne vanuit Potgietersrus en McMicking het met 550 man en twee kanonne vanuit Nylstroom teen Beyers en sy 300 man opgetrek. Op die 20ste Junie 1901 is Beyers se kommando in Zandrivierspoort deur McMicking aangeval. Die Britse aanvalle is afgeslaan, maar die Engelse magte het Beyers en sy manne begin oorvleuel waarop hy op Zandrivierspoort teruggeval het en later maar die wyk moes neem.[59]

Generaal Beyers moes besef het dat hy in Waterberg met sy klein klompie swak toegeruste manskappe nie meer die vyand in 'n groot slag kon ontmoet nie; Beyers sou egter nie moed opgee nie en hy val 'n Engelse kolonne by Tambotierand aan en neem by Warmbad 700 beeste van die Engelse af.[60]

---

[57] G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.76; J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., p.256.

[58] F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.IV, p.439.

[59] G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., pp.77-78; P.H.S. van Zyl, Die Helde-album..., p.301; L. Creswicke, South Africa and..., vol.VII, p.77; F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.IV, p.440 (Maurice noem dat Grenfell en McMicking eers op die 21ste Junie uit Potgietersrus en Nylstroom vertrek het).

[60] G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., pp.78-79; J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., p.258.

In Julie 1901 het Beyers en sy manskappe 'n trein tussen Potgietersrus en Nylstroom ontspoor waarin luitenant A.A. Best en dertien man gedood en tien gewond is.[61] Op die 10de en 31ste Augustus 1901 het kaptein Jack Hindon ook treine naby Naboomspruit en Hammanskraal onderskeidelik ontspoor. Hindon was veral by Hammanskraal suksesvol waar een offisier en dertien manskappe gedood en vier offisiere en twintig manskappe gewond is.[62]

In Zoutpansberg was die toestand van sake ook nie goed nie. Beyers het sy berede manskappe aangesê om hom by Palala te ontmoet en op die 26ste September 1901 vertrek hy met 240 man.[63] Op 1 Oktober 1901 val Beyers se manskappe 'n Engelse kamp op die plaas Pruizen ten suide van Potgietersrus aan en dwing die vyand tot oorgawe. Op 3 Oktober 1901 bereik Beyers en sy manskappe Malepspoort waar veldkornet De Villiers nog steeds met 'n klompie burgers gestaan het. Die Engelse het egter sake vir veldkornet Tom Kelly so warm gemaak dat hy met 'n aantal manskappe na die Laeveld uitgewyk het. Beyers het met 200 berede manskappe die groep probeer vind, maar by die Portugese grens aangekom, het dit geblyk dat hulle daar oor is en hulle aan die Portugese oorgegee het.[64]

---

61 F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.IV, p.441; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., p.16; M.A. Gronum, Die Bittereinders Junie 1901-Mei 1902, p.45.

62 Gustav S. Preller, Kaptein Hindon, oorlogsavonture van 'n baasverkenner, pp.212-215, 320-324; M.A. Gronum, Die Bittereinders ..., p.45; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., pp.16-17; F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.IV, p.442.

63 G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.79; P.H.S. van Zyl, Die Helde-album..., p.301.

64 G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.80; P.H.S. van Zyl, Die Helde-album..., p.301; J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., pp.313-314.

Tydens die terugtog slaap Beyers en sy staflede op 'n ene Bristow se plaas naby Fort Hendrina (Fort Edward); daar is hulle deur Engelse oorval, maar slaag gelukkig daarin om weg te kom.[65] Na sy tog deur die Laeveld was hy ernstig siek aan koors en eers op 8 Januarie 1902 kon hy aan generaal L. Botha skryf dat hy darem alweer perdry. Hy het egter slegs tussen 300 en 400 manskappe gehad en daarvan was omtrent 300 ruiters, waarvan hy slegs 240 kon gebruik. 'n Tog na Nylstroom en Warmbad met die doel om van die Engelse se perde te buit, het ook niks opgelewer nie.[66]

Met sy klein kommando het Beyers die vyand egter besig gehou in Noord-Transvaal. Op 23 Januarie 1902 val hy die konsentrasiekamp net buite Pietersburg aan en op die 24ste Januarie val hy die dorp aan.[67] Hierna, tot en met die helfte van Maart, kon die Engelse sowel as die Boere nie optree nie as gevolg van die perdesiekte.[68]

Intussen is 'n spesiale anti-kommando-eenheid, die Bushveld Carbineers, gestig en by Fort Edward gestasioneer om in die wilde Noord-Transvaal te veg.[69] Op Sweetwaters, die plaas van Bristow, naby Fort Edward,

---

[65] J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., pp.316-317; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., pp.38-39.

[66] G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., pp.82-83; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., p.39.

[67] F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.IV, p.446; G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.83; M.A. Gronum, Die Bittereinders..., pp.45-46; P.H.S. van Zyl, Die Helde-album..., p.395; Northern Review, Pietersburg 1976, 90 years of Progress; L. Creswicke, South Africa and..., vol.VII, pp.179-180; L. Maré, "Verraad in die kamp", in Die Huisgenoot, 19.1.1951.

[68] G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.83.

[69] T. Pakenham, Die Boere-Oorlog, pp.560-561; L. Changuion, Pietersburg..., p.79.

het kaptein A.T. (Bulala) Taylor, Britse inligtingsoffisier, hom ingerig.[70]

'n Paar manne van kommandant Bierman se kommando is op 3 Junie 1901 in die Houtboschberg deur kolonel Colenbrander met 'n afdeling swart soldate verras. Beukes het ontsnap maar N.J. Grobler, M. Schutte, F.J. Schnell en A.J. Schnell is deur die swartes doodgemaak.[71] Kort hierna is ses persone wat op pad na Fort Edward was om oor te gee, deur lede van die Bushveld Carbineers doodgeskiet.[72]

Op 5 Augustus 1901 het kaptein F. Hunt en sy Bushveld Carbineers die huis van Herklaas Viljoen naby Duiwelskloof aangeval. Aan beide kante was daar verliese, onder andere Hunt self. Die volgende dag is gevind dat Hunt se lyk geskend is en dat hy van sy uniform beroof is. Die Carbineers het die Boere vir dié daad verantwoordelik gehou. Kaptein Hunt is deur sy vriend H. Morant opgevolg. Hy het wraak gesweer en was hierna verantwoordelik vir gewelddadige en afskuwelike voorvalle.[73]

Die eerste gruweldaad het plaasgevind toe die Carbineers 'n Boerekommando by Bandelierkop verras het en P.J. Visser wat nie kon ontsnap nie, sonder verhoor doodgeskiet het. Kort hierna op 23 Augustus

---

[70] S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., p.21; L. Changuion, Pietersburg..., p.79.

[71] S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., p.23; L. Changuion, Pietersburg..., p.79.

[72] S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., p.24; L. Changuion, Pietersburg..., p.79; J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., p.315; M.A. Gronum, Die Bittereinders..., pp.46-47.

[73] S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., pp.28-31; L. Changuion, Pietersburg..., pp.79, 81.

is nog agt krygsgevangenes naby Elim deur die Carbineers doodgeskiet en daarna nog drie Boere wat wou oorgee.[74]

'n Jong Duitse sendeling, eerwaarde K.A.D. Heese, was ooggetuie van die verskriklike gebeurtenis op die 23ste Augustus, en ook hy is, volgens swartmense se getuienis, deur die Engelse vermoor.[75] Vier offisiere, naamlik Morant, Handcock, Witton en Picton is hierna van moord op twintig persone aangekla en op 27 Februarie 1902 is Harry Morant en Peter Handcock op bevel van lord Kitchener gefusilleer.[76]

Intussen het Beyers met 'n handjievol burgers die stryd in die verre Noord-Transvaal volgehou. En op 20 Maart 1902 het hy Fort Edward wat deur 50 Britse troepe beman is, beset. Beyers het die fort beleër en die watertoevoer afgesny. Luitenant-kolonel H.C. Denny is met 550 man vanaf Pietersburg gestuur om die fort te ontset. Dié Britse mag het Beyers en sy manskappe op die 23ste Maart aangeval. Die Boere kon die aanval maklik afweer en Colenbrander is ontbied om Fort Edward te ontset. Op 28 Maart was die Boere verplig om pad te gee na Malepspoort.[77]

---

[74] S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., pp.30-31; L. Changuion, Pietersburg..., p.81.

[75] J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., p.315; H.J. May, Music of the guns, based on two journals of the Boer War, pp.151-152; M.A. Gronum, Die Bittereinders..., p.47; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., p.34; L. Changuion, Pietersburg..., p.81.

[76] T. Pakenham, Die Boere-Oorlog, p.561; L. Changuion, Pietersburg..., p.81; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., pp.50-51. (Daar is baie oor die "Breaker" Morant-geval geskryf. Lees ook, M. Carnegie en F. Shield, In Search of Breaker Morant; Leut. G. Witton, Scapegoats of the Empire; F.M. Cutlack; Breaker Morant, a horseman who made history.)

[77] A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", p.212; F.M. Maurice, Official history of the War..., vol.IV, p.447; L. Changuion, Pietersburg..., p.85.

Hier is die Boere op 8 April 1902 deur Colenbrander aangeval. Die geveg duur drie dae; Beyers is op die 2e dag in die been gewond en hy het die bevel aan Maurits Dommisse en Hendrik Mentz oorgedra. Op die derde dag het die Boere uitgewyk en Beyers het met 300 man in die Wolkberg posisie gaan inneem.[78]

Op 15 April 1902 val Colenbrander die Boere in die Wolkberg aan, maar hier het die Engelse die aftog geblaas met 'n verlies van vyftien man.[79] 'n Aantal manne is ook krygsgevange geneem waaronder ook National Scouts. Hierdie verraaiers is na 'n militêre verhoor deur die Boere gefusilleer.[80]

Terug by Malepspoort het Staatsekretaris F.W. Reitz en waarnemende Staatsprokureur L.J. Jacobs generaal Beyers meegedeel dat vredesonderhandelings aangeknoop is en dat hy op 15 Mei 1902 in Vereeniging moes wees.[81]

Die stryd in Noord-Transvaal het dus 'n eie besondere karakter gehad. Aanvanklik is die stryd gekenmerk deur onbekwame offisiere wat nie met hulle kommando's die opdragte uitgevoer het nie. Na generaal Beyers se aanstelling in September 1900 het Noord- Transvaal wel oor 'n besondere

---

78. G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.84; A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", pp.212-213; S.J. Lee, Krygsverrigtinge..., p.44; L. Changuion, Pietersburg..., p.85.

79 G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., pp.84-85; P.H.S. van Zyl, Die Helde-album..., p.395.

80 A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", p.213, J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., p.363, L. Changuion, Pietersburg..., p.85.

81 G.D. Scholtz, Generaal Beyers..., p.85; J.F. Naudé, Vechten en vluchten..., pp.363-364.

leier beskik, maar hy het met geweldige probleme te kampe gehad. Met 'n handjievol manskappe - hy het nooit oor meer as 300 man beskik nie - moes hy 'n geweldig uitgestrekte gebied verdedig, naamlik vanaf Pienaarsrivier in die suide tot aan die Limpopo in die noorde en in die weste vanaf die Betsjoeanalandse grens tot aan die Portugese grens in die ooste. Vanaf April 1901 tot Mei 1902 het generaal Beyers eintlik hierdie stryd op sy eie gevoer en het hy byvoorbeeld tot Mei 1902 nooit persoonlik in aanraking gekom met een van die ander Republikeinse aanvoerders nie.

Generaal Beyers het ook nog in sy stryd teen die Engelse met die swakheid van sy eie burgers te kampe gehad. Daar was ook diegene wat moedeloos geword het en die wapen neergelê het of diegene wat ontrou geword het aan hul eie volk.

In Noord-Transvaal was die stryd egter nie net teen die Brit nie, maar ook teen die Naturelle wat hulle by die Britte aangesluit het. Die swartmense was nie net vir die kommando's 'n gevaar nie, maar veral ook vir die vrouens en kinders alleen op die plase.

In Noord-Transvaal was die natuur ook 'n faktor wat aan die stryd 'n eie karakter verleen het. Groot dele van dié gebied is deur koors geteister en in die somermaande is menige burger deur hierdie siekte buite geveg gestel. In die wintermaande het perdesiekte die kommando's se beweeglikheid in dié uitgestrekte gebied aan bande gelê.

Laastens is die stryd in Noord-Transvaal veral ook gekenmerk deur wreedhede en gruweldade gepleeg deur die Australian Bushrangers en die swartmense.